

6

JAKOB

God doen wat Hy belowe

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet dat hulle God kan vertrou, want Hy bly by sy beloftes.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet weet hulle kan God vertrou, want Hy doen wat Hy belowe.

Gesindheid

- Die kinders moet –
 - dankbaar wees dat God sy beloftes hou.
 - bereid wees om by hul beloftes te bly.

Vaardigheid

Die kinders moet met hul ouers gesels oor beloftes wat hul ouers aan die Here gemaak het en hoe hulle daarby gebly of nie gebly het nie.

MEER INLIGTING (Genesis 28)

Toe hy jonk was, het Jakob baie lelike dinge gedoen. Op 'n keer het hy sy pa, Isak, en sy broer, Esau, bedrieg. Esau was baie kwaad vir Jakob en wou hom doodmaak. Jakob moes vlug vir sy lewe. Hy vlug Haran toe, met ander woorde, hy vlug weg van die plek af wat die Here aan sy oupa en sy nageslag belowe het. Haran was die plek waar die Here juis sy oupa Abram gaan haal het om 'n nuwe plek vir hom en sy nageslag te gee. Jakob het dus die belofte wat die Here aan Abram gemaak het dat Kanaän vir altyd aan sy nageslag sal behoort, verbreek.

Nou gaan ons sien dat die Here altyd sy beloftes hou. Hy gaan nie toelaat dat mense dit verbreek met hul oneerlikheid en slegte dade nie.

Terwyl Jakob gevlug het en nog in Kanaän was, het hy een aand in die veld aan die slaap geraak en 'n droom gehad. In sy droom kom staan die Here by hom en belowe aan Jakob 'n klomp dinge. Die Here belowe aan Jakob dat –

- die grond waar hy nou slaap, dit is Kanaän, eendag aan sy nageslag sal behoort.
- hy 'n groot nageslag sal hê.
- alle mense op aarde uiteindelik deur hom gelukkig sal wees.
- Hy altyd by Jakob sal wees.

Toe Jakob die volgende dag wakker word, het hy sy droom onthou. Hy het nou die troos gehad dat die Here altyd by hom sal wees waarheen hy ook al moet vlug. Die grootste troos vir Jakob was die sekerheid dat die Here altyd sy beloftes nakom. Ons lees verder in die boek Genesis en uiteindelik in die Nuwe Testament hoe hierdie beloftes wat God aan Jakob gemaak het, waar geword het. God het Jakob later weer teruggevat na Kanaän waar sy nageslag tot vandag toe bly. Al die mense op aarde is uiteindelik geseën toe Jesus, wat ons kom verlos het van die sonde, uit Jakob se nageslag gebore is.

Partykeer maak mense aan mekaar beloftes, maar dan verbreek hulle dit weer. God verbreek nooit sy beloftes aan ons nie. As Hy belowe dat Hy by ons sal wees, kan ons Hom maar glo. Hy doen wat Hy belowe. Ons kan die Here vertrou. Ons moet ook by ons beloftes bly.

AANBIEDING

Jy het nodig

- Blanke A4-papier vir elke kind.
- Papierstroke – 30 cm x 5 cm (3 vir elke kind).
- 'n Opskrif: *God se leer van beloftes*.
- Inkleurkryt.

KOM ONS BEGIN

Open almal saam met die Onse Vader. Die kategeet bid saam met die kinders, sodat dié wat dit nie ken nie, kan volg.

HET HULLE ONTHOU?

- Laat 'n paar kinders vir jou hul *skaal van vriendskap* kom wys.
- Kontroleer of hulle die volgende teksvers ken:

Dit is my opdrag: Julle moet mekaar liefhê soos Ek julle liefhet. (Johannes 15: 12)

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Laat enkele kinders vertel wat hulle onder *belowe* verstaan. Lei hulle tot 'n korrekte antwoord. (Dit is om te gaan doen wat jy gesê het jy gaan doen.)

IETS INTERESSANT

- Vertel die kinders waarom Jakob na Haran toe gevlug het deur MEER INLIGTING hierbo gevoelvol voor te lees, of vertel dit uit jou kop as jy kan.
- Die kinders kry die geleentheid om te vertel hoe hulle voel oor die dinge –
 - wat Jakob gedoen het.
 - wat God doen.
- Wys ook laastens op die volgende:
 - God het aan Jakob 'n belofte gemaak: *...in jou en jou nageslag sal al die volke van die aarde geseën wees* (Genesis 28: 14c). (Dit het gebeur – ons is deur Jesus, wat uit Jakob se nageslag gebore is, van die sonde verlos.)
 - Jakob het ook aan God 'n gelofte gemaak: Die Here sal sy God wees, en hy sal van alles wat die Here vir hom gee, 'n tiende vir die Here teruggee (Genesis 28: 20).

IETS BELANGRIK

Herhaal die kern:

- God het drie beloftes aan Jakob gemaak:
 - Die grond waarop hy geslaap het, sal eendag aan sy nageslag behoort.
 - Hy sal 'n groot nageslag hê.
 - Alle mense op aarde sal uiteindelik deur hom gelukkig wees.
- God hou altyd sy beloftes.
- Al die mense op aarde is uiteindelik geseën toe Jesus, wat ons kom verlos het van die sonde, uit Jakob se nageslag gebore is.
- Uit dankbaarheid het Jakob ook sy dankoffer vir die Here gegee.
- Ons moet ook dankbaar teenoor die Here wees en by ons beloftes hou.

IETS OM TE DOEN

- Gee vir elke kind 'n A4-bladsy en drie stroke papier.
- Laat elkeen een strook papier neem en enige belofte wat die Here in die Bybel gemaak het, daarop neerskryf. (Gee leiding waar nodig.)
- Hulle plak die strook aan die bokant van 'n blanko A4-papier.
- Laat hulle dan 'n prentjie wat die nakom van hierdie belofte uitbeeld, op die blanko deel van die A4-papier teken.
- Help hulle om die prente aan mekaar vas te plak, sodat dit 'n lang strook vorm.
- Gebruik die oorblywende twee stroke papier om aan die kante van die prente te plak om die effek van 'n leer te skep. (Hierdie stroke kan bruin ingekleur word.)
- Plak die opskrif *God se leer van beloftes* boaan die leer.
- Die prent kan teen die muur vasgesit word.

BY DIE HUIS

Doen

Laat hulle met hul ouers gesels oor beloftes wat hul ouers aan die Here gemaak het en hoe hulle daarby gebly of nie gebly het nie.

Leer

Laat hulle die volgende gaan leer:

- Wanneer ek met enige mens kommunikeer, moet my *ja* altyd *ja* en my *nee* altyd *nee* wees. *'n Mens se woord is jou eer.*
- God het drie beloftes aan Jakob gemaak:
 - Die grond waarop hy geslaap het, sal eendag aan sy nageslag behoort.
 - Hy sal 'n groot nageslag hê.
 - Alle mense op aarde sal uiteindelik deur hom gelukkig wees.
- *Jakob het wakker geskrik en gesê: "Die Here is op hierdie plek, en ek het dit nie besef nie."* (Genesis 28: 16)

AFSLUITING

Sluit af met Gesang 275: 1 en 3 as gebed.

*O God van Jakob, deur u hand
word steeds u volk gevoed;
U het weleer op see en land
ons vadere behoed.*

*Berei vir ons die lewenspad –
wil deur u Gees ons lei;
en as ons val, o Vader, vat
ons hand en staan ons by.
Amen.*